**Pretorium Trust Verwys-’n-Vriend Kompetisie: Staan ‘n kans om R10 000 kontant te wen**

**Terme en Voorwaardes**

1. **Die promotor** is: Pretorium Trust (Koöperasie) Beperk, wie se geregistreerde kantoor geleë is te Ingersolweg 40, Lynnwood Glen, Pretoria, 0081.

2. **Geskiktheid:** Die kompetisie is oop vir inwoners van die Republiek van Suid-Afrika wat 18 jaar of ouer is, uitgesonderd werknemers van Pretorium Trust (Koöperasie) Beperk, hul naasbestaandes, en enige persoon wat andersins met die organisasie of beoordeling van die kompetisie verband hou.

3. Deur aan hierdie kompetisie deel te neem, bevestig deelnemers hul instemming om aan hierdie terme en voorwaardes gebonde te wees.

4. **Tydperk van die kompetisie:** Die kompetisie sal vanaf **08 Julie 2026 tot 30 November 2026** loop.
   • Die **sluitingsdatum** vir inskrywings is **30 November 2026**. Ná hierdie datum sal geen verdere inskrywings vir die kompetisie aanvaar word nie.

5. Geen aanspreeklikheid kan aanvaar word vir enige inskrywings wat om welke rede ook al nie ontvang is nie.

6. **Reëls van deelname:**
   • Elke **suksesvolle verwysing** – waar ’n verwysde vriend ’n goedgekeurde Pretorium Trust-lid word tussen **08 Julie 2026 tot 30 November 2026** – sal die verwysende lid **een inskrywing in die trekking** besorg.
   • Benewens die inskrywing vir die trekking, sal die verwysende lid **R250 ontvang vir elke suksesvolle verwysing.**
   • Aan die einde van die kompetisie sal **een (1) wenner** ewekansig gekies word uit al die geldige inskrywings om ’n **R10 000 kontantprys** te ontvang.

7. Die promotor behou die reg voor om die kompetisie te kanselleer of te wysig, of om hierdie terme en voorwaardes sonder vooraf kennisgewing aan te pas in geval van onvoorsiene omstandighede soos ’n natuurramp, oorlog, burgerlike of militêre onrus, of enige oortreding van toepaslike wetgewing buite die promotor se beheer. Enige veranderinge sal so gou moontlik deur die promotor aan deelnemers gekommunikeer word.

8. Die promotor is nie verantwoordelik vir onakkurate prysinligting wat aan enige deelnemer deur ’n derde party verskaf word wat met hierdie kompetisie verband hou nie.

9. **Die pryse bestaan uit:**
   • ’n **R10 000 kontantprys** vir **een ewekansig gekose wenner** aan die einde van die kompetisie.
   • **R250 vir elke suksesvolle verwysing** gedurende die kompetisieperiode, wat afsonderlik aan elke verwysende lid betaal sal word.

10. **Keuring van die wenner:**
    Een (1) wenner sal ewekansig gekies word uit al die geverifieerde inskrywings deur die promotor en/of sy gemagtigde agente na afloop van die kompetisie se sluitingsdatum.

11. Die wenner sal binne **15 dae** na die sluitingsdatum per e-pos en/of direkte boodskap op Facebook en/of per brief in kennis gestel word.
    Indien daar nie binne **14 dae** na kennisgewing met die wenner kontak gemaak kan word nie, of indien die prys nie opgeëis word nie, behou Pretorium Trust die reg voor om die prys te onttrek en ’n plaasvervangende wenner te kies.
12. Die promotor sal die wenner in kennis stel van wanneer en waar die prys oorhandig of gebruik kan word.
13. Pretorium Trust (Koöperasie) Beperk se besluit rakende die trekking van die wenner is **finaal**, en geen korrespondensie rakende die kompetisie sal gevoer word nie.
14. Die kompetisie en hierdie terme en voorwaardes word deur die **Suid-Afrikaanse reg** beheer, en enige geskille sal onderworpe wees aan die uitsluitlike jurisdiksie van die **howe van Suid-Afrika**.
15. Deur deel te neem, stem die wenner in dat sy/haar **naam en beeld** in bemarkingsmateriaal rakende hierdie kompetisie gebruik mag word. Enige persoonlike inligting van deelnemers sal uitsluitlik gebruik word in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse wetgewing oor databeskerming en sal nie aan enige derde party bekend gemaak word sonder die deelnemer se vooraf toestemming nie.
16. Die naam van die wenner sal **15 dae ná die sluitingsdatum** beskikbaar wees deur die volgende adres te e-pos: **andria@pretorium.co.za**
17. Deelneming aan hierdie kompetisie sal beskou word as aanvaarding van hierdie terme en voorwaardes.
18. Hierdie promosie word **op geen wyse geborg, onderskryf of geadministreer deur, of geassosieer met Facebook, Twitter of enige ander sosiale netwerk nie.** U verskaf u inligting uitsluitlik aan Pretorium Trust (Koöperasie) Beperk en nie aan enige ander party nie.